Getattoeëerde meubels maak debuut by Decorex

Tattoo gee unieke karakter aan moderne meubels (ontwerp Gemini).

Nuut, vars en funky. Tattoo, 'n byderwetse pasklaar meubelreeks maak sy debuut by Decorex. Dié ondernemende maatskappy het gaan leen by die eeue-oue tradisie van die tattoeëerkuns. Unieke patrone word met laser in die hout gemaak en dan met ink ingespuit.

Tattoo se kreatiewe skeppings het ontstaan toe Tracey Collis en Claire Letoret 'n skrywers-lessenaar ontwerp het terwyl hulle aan 'n filmdraaiboek gewerk het. "Toe mense soos Jamie Bartlett en Toni Strasburg ons gevra het om soortgelyke items vir hulle te maak, toe weet ons – hier is iets aan die gebeur."

Elke item in Tattoo se hipermoderne meubelreeks is enig-in-sysoort, en volgens 'n unieke proses met die hand gemaak. By Tattoo se stalletjie word 'n wye verskeidenheid meubels vertoon, wat ewe geskik vir die huis of kantooromgewing. So ingestel is Tattoo op verpersoonliking dat besoekers hul eie patroon kan ontwerp met behulp van Tattoo se elektroniese tegniek. "Eksperimenteer met die ontwerp, materiaal, kleur en hout om jou eie stempel op jou meubelstuk af te druk", nooi Collis en Letoret.

Tattoo bied daagliks, tussen 12:30 – 1:30 nm op Donderdag en 12 vm – 2 nm van Vrydag tot Sondag, 'n asemrowende akrobatiese lugvertoning aan. Anabel Gonzales, 'n Argentynse akrobaat, haal op die maat van die tango asemrowende truuks bokant die Tattoo-stalletjie uit.